

Die Handeling van die Apostels: Die begin van die sendingreise (Hand 13) – Francois Malan

Die fokus van Handeling verskuif nou na **die voortgaande werk van Jesus** deur die bediening van Saulus/Paulus onder leiding van die Heilige Gees. Die voortgang van die storie word verbind aan die sentrums waarheen Saulus deur die Heilige Gees gelei word. Die drie dominante temas in die meeste van die verslae oor die sendingreise wat met hoofstuk 13 begin is: 1 die belangstelling van die heidene en veral godvresendes onder hulle in die boodskap van die evangelie; 2 die teenstand en vervolging van die gelowiges deur die Jode; 3 die groeiende sukses van Paulus se bediening in die stigting van gemeentes in die Romeinse ryk (tydens sy reise word al Paulus se briewe geskryf as riglyne vir die gemeentes, veral oor probleme en vrae van die gemeentes).

Barnabas en Saulus word uitgestuur (Hand 13:1-3)

13:1 Die verskillende dienaars wat leiding geneem het in die Antiogië-gemeente (*ekklêsia* verwys hier na die plaaslike gemeente) word hier vermeld. Die werk van die **profete en leermeesters** kan nie skerp onderskei word nie. In die tyd voordat die Nuwe Testament ontstaan het, het die Heilige Gees deur die Nuwe Testamentiese profete die wil van die Here in die gemeentes se verskillende omstandighede aangewys. Hulle het veral die goeie nuus in die gemeentes gepreek. Die leermeesters (*didáskaloi* word net een maal in Handeling genoem) het die gemeente onderrig in die geloof in God en die lewenswyse van kinders van God. Albei dienste is deur die Heilige Gees gebruik om die gemeentede op te bou.

Onder die **leiers van die gemeente** word enkele genoem: Barnabas uit Siprus, wat moontlik die leiding geneem het saam met 'n Simeon genoem Niger, wat hom onderskei van die ander Simons in Handeling. Die bynaam Niger verwys na die Latynse woord vir swart of donker. Hy was waarskynlik 'n afstammeling van godvresendes in Afrika, wat gelowige geword het. Lucius uit Sirene in Noord-Afrika word ook in Romeine 16:21 genoem as 'n volksgenoot van Paulus, wat saam met hom in Korinthe is, vanwaar Paulus Romeine skryf. Manaen, ('n vorm van Menahem, 2 Kon 15:17) was 'n jeugvriend van Herodes Antipas, wat later oor Galilea en Perea regeer het ná sy pa, Herodes die Grote, se dood. Saulus uit Tarsus word laaste genoem in die lys wat met Barnabas begin. Waarskynlik was Barnabas die oudste en Saulus die jongste van die profete en leermeesters in die Antiogië gemeente, wat hier genoem word. Vier van die vyf wat genoem word kom uit die buiteland (diaspora, Israel se verstrooiing) en slegs Manaen uit Palestina.

13:2 Dit is nie duidelik of die 'hulle' wat besig was om die Here te dien en te vas, verwys òf na die gemeente van Antiogië òf na die groep profete en leermeesters, wat albei in vers 1 genoem word nie. Die woord vir 'dien' is tot 'n mate 'n ongewone woord *leitourgéō*, wat in die alledaagse Grieks gebruik is vir onbetaalde diens aan die staat. In die Bybel word dit gebruik om spesifieke godsdienstige handeling uit te voer as deel van jou rol of verantwoordelikhede (Luk 1:23 vir Sagaria se diensbeurt; in Hebr 10:11 vir die priesters se daaglikse offers; in Rom 15:27 vir die gemeentes se barmhartigheidsdiens met die kollekte vir die gemeente in Jerusalem; teenoor *latreúō* as deel van jou godsdienstige handeling in aanbidding en toewyding in diens van die Here, Rom 1:9; Flp 3:3). Terwyl hulle besig was met diens aan die Here en gevas het, **het die Heilige Gees gesê** (waarskynlik deur een van die profete): 'Sonder nou vir My Barnabas en Saulus af vir die werk waarvoor Ek hulle reeds spesifiek geroep het en waarvan hulle nou die verantwoordelikhede moet opneem – dié aspekte lê in die perfektum vorm van die werkwoord

proskaléomai. Die betekenis van Josef se bynaam Barnabas is in Hand 4:36 verduidelik as 'Seun van vertroosting.' Waarvoor die Here vir Saulus uitgekies het is reeds in Handlinge 9:15 uitgespel. Die meer as 14 jaar na sy bekering was 'n tyd van voorbereiding vir Saulus se taak waarvoor die Here hom oorspronklik geroep het.

13:3 Toe die gemeente klaar gevas en gebid het, het hulle die hande op Barnabas en Saulus gelê en hulle gestuur – 'as instrumente om Jesus se Naam uit te dra na nasies en na konings en na Israel' (Hand 9:15). Hulle het gevas en gebid om die seën van die Here af te smek oor die werk waarvoor die Heilige Gees Barnabas en Saulus afgesonder het. Die handoplegging deur die gemeente is om hulle aan die Heilige Gees oor te gee om hulle te lei en te gebruik in die Naam van die Here Jesus, met die ondersteuning van die gemeente se voortgesette gebede vir hulle. Antiogië word deur die Heilige Gees gebruik as **die sendende gemeente** van die sendingreise wat hierop volg. In 14:27 word die hele gemeente byeengeroep vir die verslag van Barnabas en Paulus oor alles wat God met hulle gedoen het en dat Hy 'n deur tot die geloof vir die heidene oopgemaak het.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

**Die Handlinge van die
Apostels: Die dood van
Herodes Agrippa I (Hand**

12:20-25) – Francois Malan

12:20 Die bergagtige Fenisië met sy twee groot stede Sidon en Tirus het nie eintlik plek vir landbou nie. Hulle was vir hulle voedsel afhanklik van hulle bure en het graan per skip na hulle hawens vervoer (vgl. 1 Kon 5:9; Esra 3:7; Eseg 27:17). Herodes was in 'n woedende vete (*thumomachō* – *thumós* woede; *máchomai* baklei, veg) met Fenisië gewikkel, waarskynlik oor die landsgrens, want die Fenisiërs wou baie graag die vlakte noord van Karmel bekom en het soms die gebied geannekseer. Herodes het waarskynlik daarvoor hulle voedseltoevoer stopgesit. Die twee stede het saam na Herodes toe gekom **om oor vrede te onderhandel**, om sy verbod op hulle voedselvoorsiening op te hef. Hulle benader Herodes deur sy hoofamptenaar wat oor sy 'slaapkamer' (*koinōn*) aangestel is. Hy sal waarskynlik die hoof oor die koning se harem wees, 'n ontmande, wat die koning se persoonlike sake reël. Die Fenisiese afvaardiging het vir Blastus oorgehaal deur hom te oortuig van hulle egtheid en erns (*peithō* om iemand te oortuig om iets te glo en op te tree op grond van wat aanbeveel is). Moontlik het hulle aan hom 'n geskenk daarvoor gegee.

12:21 Op die dag waarop ooreengekom is (tussen Herodes en die afvaardiging deur Blastus se voorspraak) het Herodes koninklike klere aangetrek (Josefus *Ant 19:8:2* sê die kled was heeltemal van silwer gemaak wat in die son geglinster het), op die troon gaan sit en hulle formeel toegesprek (*dêmégoreō* op 'n formele plek met formele woorde toesprek). Herodes wou duidelik 'n **indruk maak** op die gehoor.

12:22 By die aanskoue van die skouspel en aanhoor van die formele toespraak het die mense (*dêmos*) wat daar byeen was, uitgeskreeu (*epefōne* imperfektum – hulle het dit aanhoudend geskreeu): '**die stem van 'n god** en nie van 'n mens nie!' (Josefus vertel ook van die vergoddeliking van Herodes deur die mense). Onder die heidene was hulle konings en keisers

maklik as gode vereer.

12:23 Onmiddellik het 'n engel van die Here hom neergevel (soos vir Ananias en Saffira, 5:5,10) omdat hy nie die eer aan God gegee het nie. Hy het met ander woorde die eer vir homself toegeëien en hom so skuldig gemaak aan trots en heiligskenis. Die manier waarop die engel hom neergevel het word aangedui as '**verteer deur wurms het hy gesterf.**' Die dood deur interne wurms is deur skrywers in die antieke tyd toegeken aan uiterste bese mense en vir selfvergoddeliking. Herodes se selfverheffing is deur die Here verander in diepe vernedering.

12:24 Dit is die vyfde **opsomming van die lewe van die kerk se uitbreiding** wat Lukas gee (vgl. 2:47; 6:7; 9:31 en 11:21; vgl. ook 19:20). Die vers kyk terug na wat die Here reeds gedoen het deur sy volgelinge, en open die volgende groot deel van Handelingte oor die voortsetting van die uitbreiding onder leiding van die Heilige Gees. Ten spyte van Herodes Agrippa se vervolging van die kerk tot sy dood in 44 n.C., het die woord van God grootliks gegroei en die getal gelowiges het al meer toegeneem. Herodes het nie sy doel bereik nie. Met 'die woord van God' word verwys na die sendingprediking van die kerk onder Jode en heidene. Eers in Jerusalem en Judea, toe is die Samaritane bereik, daarna die man van Afrika, en toe die Romeinse wêreld. Van hoofstuk 13 tot 28 versprei die evangelie deur die Romeinse ryk, telkens deur die ingrype van die Here om sy kerk se oë oop te maak vir die pad waarop Hy hulle lei (vgl. Jesus se opdrag in Hand 1:8).

12:25 Die naam van **Saulus** duik weer op, soos in hoofstukke 7:58; 8:1; 9:1-30; 11:30. In 11:20 was Barnabas en Saulus die draers van die bydraes van die gemeente in Antiogië vir die broers in Judea. Judea was in 'n greep van droogte en hongersnood, in die tyd van keiser Claudius (regeer van 41-54 n.C.). Nadat hulle dié diens in Jerusalem verrig het, het Barnabas en Saulus na hulle basis in Antiogië teruggekeer. Hulle het Johannes, bekend met sy Latynse naam Markus, Barnabas se nefie, met hulle saamgeneem as hulpkrag om te help

in hulle diens (vgl. 'n bespreking van Markus hierbo in die kommentaar oor Hand 12:12).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Handeling van die Apostels: Nadraai van Petrus se vrylating (Hand 12:17-19) – Francois Malan

12:17 'Nadat Petrus vir hulle met die hand 'n teken gegee het om stil te wees het hy in besonderhede vertel (*diêgéomai*) hoe die Here hom uit die tronk uitgelei het.' Hulle moes nie in vreugde begin jubel en skreeu en die hele omgewing wakker maak met hulle groot vreugde sodat die wagte sal kom ondersoek instel oor wat aangaan nie.

Die groep kry die opdrag om die hele storie aan 'Jakobus en die broers/gemeente' te vertel. Hierdie Jakobus is die broer van Jesus (Mark 6:3). Sy broers het eers nie in Jesus geglo nie (Joh 7:1-5). Maar na Jesus se hemelvaart sê Handeling 1:14 dat sy broers deel was van die groep wat die tien dae tot die uitstorting van die Heilige Gees in gebed volhard het. In Galasiërs 2:9 sê Paulus dat Jakobus en Sefas en Johannes as die pilare (in die kerk) gereken is. In Hand 15:13-21 is Jakobus die leier wat die besluit van die vergadering in 'n besluit saamvat en Amos 9:11-12 aanhaal as Skrifgrond vir die besluit. Volgens Handeling 21:17-25 is Jakobus duidelik die

leier in die Jerusalem-gemeente. Volgens Galasiërs 2:11-13 is Petrus en Barnabas bang om aanstoot te gee aan die mense wat van Jakobus af gekom het as hulle sou voortgaan om saam met die heiden-Christene te eet. Dit skep die gedagte dat Jakobus streng volgens die wet bly lewe het en nog gereeld die tempel- en sinagoge-dienste bygewoon het nadat hy gelowig geword het, daarom in guns was by die Jode en kon aanbly in Jerusalem toe die ander apostels ook vir hulle lewe moes vlug. Hierdie Jakobus is ook die skrywer van die Brief van Jakobus, wat hy voor sy marteldood in 62 n.C. geskryf het (vgl. daaroor die aantekeninge by Hand 1:13-14).

[Josefus, die Joodse geskiedskrywer, vertel in *Ant* 20:9:1 (gepubliseer in 93/94 n.C) dat die hoëpriester Ananus die Joodse Raad byeengeroep het, 'n klag van oortreding van die wet gelê het teen **Jesus Christus se broer** Jakobus en 'n paar van sy metgeselle, en hulle laat stenig het.]

Nadat Petrus van sy ontsnapping uit die tronk vertel het, 'het hy buitentoe gegaan en **na 'n ander plek** vertrek.' Blykbaar het al die apostels wat nog in Jerusalem was, met Petrus se gevangening die stad verlaat omdat dit toe duidelik was dat die apostels in Herodes Agrippa se visier was om doodgemaak te word. In Handeling 15:6-11 kom Petrus weer aan die woord in die vergadering van apostels en ouderlinge. Daarna is daar enkele verwysings na hom in die Bybel: Volgens Galasiërs 2:11 was hy in Antiogië. 1 Petrus 1:1 skep die indruk dat Petrus in Klein-Asië gewerk het in die provinsies Pontus in die noorde van die huidige Turkye, Galasië, Kappadosië, Asië, en terug in Bitinië in die noorde. In Korinthe in Griekeland was daar 'n groep aanhangers van Sefas (1 Kor 1:12). 1 Kor 9:5 impliseer dat Sefas sy vrou op sy reise saamgeneem het. Volgens Gal 2:7-9 het Jakobus, Sefas en Johannes veral na die besnedenes met die evangelie gegaan en Paulus en Barnabas veral na die heidene. Teen die einde van sy lewe sou Petrus ook na Rome in Italië gegaan het. Tydens die vervolging van die Christene onder keiser Nero, veral ná die groot brand wat die helfte van

die stad Rome in 64 n.C. afgebrand het, sou hy volgens oorlewering daar gearresteer word en met sy kop na onder gekruisig word. Volgens oorlewering sou die gemeente in Rome vir Markus versoek het om die boodskap oor Jesus Christus, die Seun van God, soos Petrus aan hulle vertel het, op skrif te stel as die eerste Evangelie, wat ons ken as die Evangelie van Markus (vgl. Mark 1:1).

12:18 Met hierdie naspel getuig die wêreld indirek van die wonder wat God laat gebeur het. Eintlik spel die komiese gebeure van die geharde soldate se 'nie kleine' verleentheid 'n groue werklikheid. Toe dit dag word was daar onder die soldate 'n **vreeslike opskudding** (*ouk óligos* letterlik: 'geen geringe...nie' – Lukas is lief vir 'n litotes en, dié beklemtoning deur die teenoorgestelde, kom 7 maal in Handeling voor; opskudding *tárachos* is 'n akute spanning en uiterste angs en verwarring) oor wat tog van Petrus geword het. Die Romeinse wet vir wagte se verantwoordelikheid as borge vir hulle gevangenes was dat hulle die straf kry van die persoon wat uit hulle bewaking weg is (Kodeks Justinianus 9:4:4), en hulle het geweet Petrus sou die doodstraf gekry het (vgl. die vrees van die wagte wat Jesus se graf moes bewaak, Matt 28:11-14).

12:19 **Herodes** laat Petrus tevergeefs soek omdat die Here hom bewaak. Daarom word sy frustrasie en woede op die wagte uitgehaal. Nadat hy die soldate ondervra het en geen verklaring vir die wonder kon kry nie, het hy beveel dat hulle tereggestel word. Hulle het hulle plig versuim en hom in die verleentheid voor die volk gestel. Sy oupa het die seuntjies van Bethlehem laat doodmaak om enige aanspraakmaker op die troon te elimineer (Matt 2:16). Hierna het hy afgereis van Judea na Sesarea en daar gebly. Judea word hier vir Jerusalem gebruik. Jerusalem lê teen die berge van Judea en Sesarea onder by die see. Maar eintlik was Sesarea die hoofstad van die Romeinse provinsie Judea. Jerusalem was die godsdienstige hoofstad van die Jode, en Sesarea 'n heidense Grieks-Romeinse

stad wat Agrippa se oupa gebou het. Herodes verlaat die massa Joodse Paasgangers wat hy wou behaag, en gaan verneder terug na sy Romeinse lewe waar hy verhoog kan word (vgl. Jesus se woorde in Lukas 14:11 en 18:14 'elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, maar hy wat homself verneder, sal verhoog word').

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die Handeling van die Apostels: Petrus se bevryding uit die tronk (Hand 12:6-16) – Francois Malan

12:6 Die nag voor Herodes se beplande verhoor slaap Petrus **rustig**, sonder enige planne of verwagting van ontsnapping, sy hande weerskante aan twee soldate vasgeketting. Die ander twee wagte staan buite die tronksel se deur. Hy word met die grootste strengheid bewaak (gewoonlik is vasgeketting aan een soldaat genoeg) en die gemeente bid met die grootste erns.

12:7 'En kyk!' Hiermee vra Lukas die leser se volle aandag vir wat nou gaan gebeur: 'n **Engel van die Here** staan skielik daar (in die tronksel!); en 'n lig het in die selkamer geskyn. Hy het Petrus op sy sy geslaan om hom wakker te kry (in 12:23 word dieselfde woord *patassō* gebruik om Herodes neer te vel), hom opgewek en gesê: 'Staan gou op!' en die kettings het van sy hande afgeval. Waarskynlik nie van die soldate se hande

nie. Met sy hande bevry kon Petrus die volgende opdragte van die engel uitvoer.

12:8 Die Engel sê toe vir hom: 'Omgord en trek jou sandale aan!' Die lang los kleed wat die mans gedra het, moes opgetrek en om die heupe vasgemaak word om vinnig te kan loop of te werk. Teen die koue van die nag het hulle in die onderkleed geslaap. Op die engel se bevel gooi hy ook sy bokleed om hom, 'n teken dat hy op pad is na buite toe, en volg die engel uit die tronksel. Toe die Raad die apostels in die openbare tronk gegooi het, het 'n engel van die Here ook in die nag die tronkdeure oopgemaak en hulle uitgelei (Hand 5:18-19). Uit die verhoogde sekuriteit deur Agrippa, bevry die engel van die Here andermaal vir Petrus uit die tronksel. Jesus het voorspel dat sy dissipels gevange geneem en vervolgd sal word, aan sinagoges oorgelewer en in tronke opgesluit sal word (Luk 21:12). Petrus het voor sy verloëning van Jesus nog verklaar 'Here, ek is bereid om saam met U die tronk en die dood binne te gaan (Luk 22:33). Nou was hy al twee maal in die tronk en op pad na die dood. Telkens het die Here **ingegryp**.

12:9 Hy volg die engel uit die tronk, maar dink dat hy 'n **visioen** sien en kon nie dink dat dit regtig met hom aan die gebeur is nie. Lukas beskryf die gebeurtenis so, dat daar 'n sluier van geheimenis oor die geskiedenis bly. Petrus gehoorsaam die engel soos iemand in 'n waas en dink 'Is dit 'n droom of werklikheid?' Meesterlik word die oorgang uit die slaap in die ervaring van die wonder, en Petrus se oorgang uit die belewenis van die wonder terug in die alledaagse lewe, geteken.

12:10 Hulle is by die eerste soldaat op wag verby en by die tweede. Alvier die wagte is onbewus van wat gebeur. En toe hulle by die ysterhek kom wat die tronk van die buitewêreld afsluit, swaai die hek vanself (*autómatos*) oop. Die hek het waarskynlik vanself ook weer toegegaan en gesluit. Die engel begelei Petrus nog 'n straat verder om hom **in die alledaagse wêreld terug** te lei en verdwyn dan skielik. Die engel se

vertrek is net so wonderlik as sy skielike verskyning en die lig wat in Petrus se tronksel geskyn het. Niemand kom iets daarvan agter nie. Selfs Petrus dink hy is in 'n droom. En dan moet Petrus verder self sy weg vind.

12:11 Toe Petrus tot homself kom, praat hy met homself en spreek die beslissende belydenis uit: 'Nou weet ek waarlik dat **Christus, die Here**, self ingegryp het om sy apostel van 'n gewisse dood te red;' waarskynlik om hom op 'n ander plek te gebruik (12:17). Hy is gered uit die hand van Herodes Agrippa wat reeds vir Jakobus doodgemaak het, en gered uit die verwagting van die Joodse volk dat Herodes die Christene gaan uitroei. Dit is amper soos Daniël se belydenis: 'My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit sodat hulle my niks kon aandoen nie (Dan 6:23). Ps 34:8 'Die engel van die Here vorm 'n laer rondom mense wat vir die HERE ontsag het, en Hy red hulle.'

12:12 Met die besef van die Here se ingrype om hom uit die tronk te red en hy nou in die stad Jerusalem is, gaan hy na **die huis van Maria**, die ma van Johannes wat Markus (sy Latynse naam) genoem word. So stel Lukas sy lesers bekend aan Markus, wat later weer in Handelingte ter sprake kom (12:25; 13:5,13; 15:37-39; vgl. ook Kol 4:10 Paulus verwelkom Markus, Barnabas se neef; 2 Tim 4:11 hy is baie nuttig vir Paulus se prediking; Flm 24 hy is Paulus se medewerker; 1 Petr 5:14 Petrus noem hom 'my seun.' Markus het waarskynlik die Evangelie van Markus geskryf om Petrus se woorde oor Jesus op te teken op versoek van die gemeente in Rome waar Petrus gesterf het. Moontlik is Markus die jongman van Markus 14:51-52 wat net in Markus voorkom).

Petrus het geweet waar hy die **gemeente** in die middel van die nag sou kry. Moontlik het hy die vorige keer wat hy in die nag uit die tronk bevry is, ook na dié huis gegaan, waar hulle 'eie mense' bymekaar was (Hand 4:23). Dit was moontlik in die groot bokamer van dié huis waar Jesus en sy dissipels die Pasga geëet en die nagmaal ingestel het, en dat Markus die man

was wat die kruik water gedra het (Luk 22:10-12); ook waar Jesus aan die elf apostels na sy opstanding verskyn het (Luk 24:33; Hand 1:4,13). Tussen die baie Marias in die Nuwe Testament word hierdie Maria onderskei deur haar seun se naam te noem (waarskynlik was haar man al dood).

Petrus het waarskynlik geweet dat 'n huisgemeente se byeenkomste daar gehou word. Wat hy nie geweet het nie, was dat daar baie mense bymekaar was. Hulle was juis **besig om die Here te smee**k vir sy vrylating. Met die opmerking van Lukas dat hulle besig was om te bid (teenwoordige deelwoord wat voortgang van die gebed aandui), benadruk Lukas dat die Here hulle gebede reeds vervul het met Petrus se wonder-vrylating, terwyl hulle nog voortgaan om daarvoor te vra.

12:13 Toe Petrus aan die deur van die ingangspoort van Maria se huis klop, kom die slavin (*paidískê*) met die algemene naam Rodé (*rhodéa* 'roosknoppie/roos') om die klop te beantwoord. Lukas skilder die teenstelling by die deur: buite staan die **kloppende apostel** Petrus en binne die luisterende deurwagsterslavin Rodé (met Jesus se verhoor was daar ook 'n slavindeurwagster by die hoëpriester se huis, Joh 18:17).

12:14 Rodé herken Petrus se stem – sy was waarskynlik 'n Christen saam met haar huismense. Oorstelp van vreugde oor die wonder van Petrus se bevryding dink sy nie daaraan om die deur vir Petrus oop te maak nie, maar hardloop om te gaan uitblaker (*apangéllō* aankondig) dat **Petrus voor die deur** staan. Vir Lukas vertel die komiese toneeltjie die onbegryplike grootsheid van die wonder van God se onverwagte ingryping waarvoor juis gebid word. So het die vroue, wat die Sondagmôre na Jesus se graf toe is, die goeie nuus van sy opstanding aan die elf en die ander gaan vertel (*apangéllō*, Luk 24:9).

12:15 Die volgende toneel beskryf die biddende gemeente wat nie wil glo dat hulle gebede verhoor is nie. Hulle sê Rodé is mal (*maínomai* om heeltemal irrasioneel te dink, mal te wees), maar versekerd hou sy daarmee aan. Toe soek hulle 'n ander

verklaring vir die **wonder**, dat dit Petrus se engel/hemelse boodskapper is? (Matt 18:10).

12:16 Petrus hou aan klop tot hulle die deur uiteindelik kom oopmaak, en toe hulle hom sien was hulle uitermate **verbaas** (die woord het Lukas al sewe keer in Handelingte gebruik vir mense se verwondering, twee oor Simon se toorkunste (Hand 8:9,11), vyf oor wat die Here doen (2:7 oor elkeen wat in sy eie taal hoor; 2:12 oor die groot dade van God; 8:13 Simon verstom oor die wonders deur die apostels; 9:21 verstom oor Saulus se ommekeer; 10:45 oor die Heilige Gees ook oor heidene uitgestort word).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)